

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c      Woensdag 5 Julie 1978      WINDHOEK      Wednesday 5 July 1978      No. 3780

**INHOUD:**

**GOEWERMENSKENNISGEWING:**

*Bladsy*

No. AG. 27 Wysiging van Regulasies Uitgevaardig kragtens die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 (Ordonnansie 35 van 1952)

1

**CONTENTS:**

**GOVERNMENT NOTICE:**

*Page*

No. AG. 27 Amendment of Regulations made under the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 (Ordinance 35 of 1952)

1

## Goewermentskennisgewing

## Government Notice

kantoor van die  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GE-  
BIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 27      1978

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG  
KRAGTENS DIE ORDONNANSIE OP LONE  
EN NYWERHEIDSVERSOENING, 1952 (ORDON-  
NANSIE 35 VAN 1952)

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 75 van die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 (Ordonnansie 35 van 1952), die volgende regulasies uitgevaardig.

### BYLAE

1. Aanhangsel I.D.1 by die regulasies afgekondig in die *Offisiële Koerant* by kennisgewing 231 van 1 Augustus 1953 (hieronder die regulasies genoem), word hierby gewysig deur paragraaf 3(g) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(g) Die lidmaatskap van die vakvereniging, die finansiële posisie van die lede en die getal persone wat op lidmaatskap geregtig is, maar wat nog nie ingeskryf is nie, is op die datum hiervan:

office of the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 27      1978

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE  
UNDER THE WAGE AND INDUSTRIAL  
CONCILIATION ORDINANCE, 1952  
(ORDINANCE 35 OF 1952)

The Administrator-General has under section 75 of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 (Ordinance 35 of 1952), made the following regulations.

### SCHEDULE

1. Annexure I.D.1 to the regulations published in the *Official Gazette* under notice 231 of 1 August 1953 (hereinafter referred to as the regulations) is hereby amended by the substitution for paragraph 3(g) of the following paragraph:

“(g) the membership of the union, the standing of members, and the number of persons eligible for membership, but not enrolled, are as at this date:

	Totaal
Ledetal .....	
Getal lede wat volgens die grondwet nie met hul ledegeld agterstallig is nie	
Getal persone <i>na skatting</i> wat reg het op lidmaatskap maar wat nog nie ingeskryf is nie .....	

	Total
No. of members .....	
No. of members whose subscriptions are not in arrear in terms of the constitution .....	
<i>Estimated</i> number of persons eligible for membership but not enrolled ..	

2. Aanhangsel I.D.2 by die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf 3(g) deur die volgende paragraaf te vervang:

2. Annexure I.D.2 to the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph 3(g) of the following paragraph:

“(g) Die lidmaatskap van die werkgewersorganisasie, die finansiële posisie van die lede en die getal persone wat op lidmaatskap geregtig is, maar wat nog nie ingeskryf is nie, is op die datum hiervan:

“(g) The membership of the organization, the standing of members and the number of persons eligible for membership, but not enrolled, are at this date:

	Totaal
Ledetal .....	
Getal lede wat volgens die grondwet nie met hul ledegeld agterstallig is nie	
Getal persone <i>na skatting</i> wat reg het op lidmaatskap maar wat nog nie ingeskryf is nie .....	

	Total
No. of members .....	
No. of members whose subscriptions are not in arrear in terms of the constitution .....	
<i>Estimated</i> number of persons eligible for membership but not enrolled ..	

3. Aanhangsel I.D.6 by die regulasies word hierby gewysig deur die woorde “(d) Persone wat deur die woordbepaling ‘werknemer’ uitgesluit word, is/is nie in die geskil betrokke nie” en die voetnota te skrap terwyl paragraaf (e) paragraaf (d) word.

3. Annexure I.D.6 to the regulations is hereby amended by the deletion of the words “(d) Persons excluded from the definition of ‘employee’ are/are not involved in the dispute” and the footnote while paragraph (e) becomes paragraph (d).

4. Aanhangsel G.1 by die regulasies word hierby gewysig deur die woorde “(7) By die toepassing van hierdie artikel sluit die woord ‘werknemer’ ’n inboorling, soos bepaal by artikel *agt-en-veertig* van die Ordonnansie, uit” te skrap.

4. Annexure G.1 to the regulations is hereby amended by the deletion of the words “(7) For the purposes of this section the term ‘employee’ shall not include any Native as defined by section *forty-eight* of the Ordinance”.

5. Aanhangsel G.5 by die regulasies word hierby gewysig deur die syfer “4” en die woorde “Ras (Blanke, Kleurling, Asiaat of Naturel)” in kolom 4 te skrap terwyl kolomme 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18 en 19, onderskeidelik, kolomme 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17 en 18 word.

5. Annexure G.5 to the regulations is hereby amended by the deletion in column 4 of the figure “4” and the words “Race (European, Coloured, Asiatic or Native)” while columns 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18 and 19 become columns 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17 and 18, respectively.